Afrikaans Huistaal

Graad 11

Vraestel 1 (Taal in konteks)

Junie 2014

Tyd: 2 uur

Punte: 70

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS

AFDELING A:	Leesbegrip	(30 punte)
AFDELING B:	Opsomming	(10 punte)
AFDELING C:	Taal	(30 punte)

2. VOORGESTELDE TYDSINDELING:

AFDELING A:	Ongeveer 50 minute
AFDELING B:	Ongeveer 25 minute
AFDELING C:	Ongeveer 45 minute

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Trek ’n volstreep na elke Afdeling.

6. Nommer die antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: RUBRIEK – SWART OP WIT

Ek GRIL *my sommer* DOOD

1 Die sukses van ons samelewing is deels 'n produk van hoe ons mekaar se verskille akkommodeer. Kwessies rondom geslag, geloof, kultuur, ensomeer, is deur die eeue heen die dryfveer agter die geskiedenis van ons tydelike verblyf op ons blougroen planeet.

2 Maar die mensdom se verhaal is geensins een van harmonie en meelewendheid nie. O, nee. Dis 'n kroniek van verdelging, primêr gemotiveer deur hebsug en magsdronkheid. Hopelik is die meeste van ons al vandag toegerus met 'n betreklike beskaafde onderbou wat ons in staat stel om met mekaar te kan saamleef, ons ontelbare verskille te spyt.

3 Daardie verskille kom ook voor op kleiner skaal – tussen vriende, familielede, minnaars, kollegas, klasmaats, bure...

4 Almal weet dat smaak verskil, byvoorbeeld. En standaarde ook. Wat goed genoeg is vir my, is dalk heeltemal ontoereikend vir jou – en dis goed so. Elke man is elke man, lui die gesegde mos.

5 Maar daar is 'n gebied waar sekere basiese standaarde geld, en dis een waaroor ek nogal sterk voel: higiëne. Ek is nie vreeslik vol fiemies nie – inteendeel – maar ná 'n kwarteeu van professioneel reis deur ons mooi land, moet ek bieg dat my gril-meter al menigmaal diep in die rooi gaan vasslaan het.

6 Latrinepraatjies geval my nie, maar die mees voor die hand liggende grilgebied is 'n openbare toilet. Die aromatiese aanslag waarmee jy oorweldig word by die geriewe op lughawens, in kuierplekke – en o, wee – vulstasies, verbyster my telkens.

7 En dan is daar hotelkamers. Met die intrapslag maak die matte my al kriewelrig. Ek bewandel hulle nie sommer kaalvoet nie. Kan jy jou indink hoeveel taai ou tone en vlokkige hakskene al oor hulle geslof het? Ek het menigmaal al naelknipsels op sulke matte aangetref. Hallo, skoonmaker?

8 En daardie berge strooikussings op die bed? Word hulle ooit gewas?

9 Ewe gereeld word die eenvoudige vereiste dat daar nie hare in die wasbak, stort of bad moet wees nie, ook sommer oorgeslaan. Dit maak my naar, en laat my verskriklik na my eie, skoon huis verlang.

10 Gepraat van. Wanneer iemand jou nooi om in hul gesinshuis te kom oornag, sou jy tog verwag dat die plek darem sindelik moet wees. Veral die kamer wat aan jou toegedeel word. Maar moenie glo nie. Ek kan tallose rillerverhale vertel; onder meer van halfdood, brandsiek troeteldiere wat my bed kom beset en my verwelkom met nat tonge. Of wasbakke vol skeerstopsels, of sigaretstompies op die bad se rand – die lys is lank en onverkwiklik.

11 Ek het moontlik blywende letsels opgedoen toe ek een aand, onder die valse voorwendsels van "gastehuisverblyf" op die platteland by mense aan huis moes oorbly. Hulle het aan my 'n keuse van twee kamers gebied. Toe ek die een verste van hulle slaapkamer aandui, seg die vrou vir haar man: "Kyk, hy vat Oupa se kamer." Ek dag dit spook seker daar. Maar toe ek die kamer betree, is dit duidelik dat 'n baie lewendige oupa daar woon, en dat hy net vir die aand sy kamer afstaan. Die kussings was mooitjies ingeduik in die vorm van 'n mens se kop waar Oupa laas gelê het. Die badkamer was ook die tuiste van Oupa se uitgespoelde onderbroeke (oor die bad se rand), 'n halwe koekie seep en 'n bruinerige rand aan die binnekant van die bad, en die tydlose stoppels in die wasbak.

12 Laatnag het ek my bo-op 'n geïmproviseerde bedsprei van my jeans en T-hemde aan die slaap gegril – met Oupa se ou brakkie knussies aan my sy.

13 Ek geniet die rof-en-tjommelgeit van kampeer, en ook die informele benadering tot skoonmaak (en skoon bly) in kommunes en by rockfeeste. Maar wanneer ek my in die formele gasvryheidsektor bevind, wil ek nie gekonfronteer word deur die gemors van vreemdelinge nie.

14 Lief soos ek vir die lewe is, maak dit my innig dankbaar dat my verblyf op hierdie blougroen planeet net tydelik is.

Deur VALLIANT SWART

[Aangepas uit ***Rooi Rose*****,** Junie 2014]

1.1 Waarvan, volgens paragraaf 1, is die suksesvolle samelewing deels 'n produk? (1)

1.2 Haal twee agtereenvolgende woorde uit paragraaf 1 wat op verganklikheid dui. (1)

1.3 Vat die "verhaal van die mensdom" volgens die eerste sin in paragraaf 2 in jou EIE woorde saam. (2)

1.4 Wat word met "hebsug" en "magsdronkheid" in paragraaf 2 bedoel? (2)

1.5 Watter twee agtereenvolgende woorde in paragraaf 2 impliseer die diversiteit van ons samelewing? (1)

1.6 Die eerste twee sinne van paragraaf 4 vorm 'n teenstelling met paragraaf 5. Verduidelik hierdie stelling. (2)

1.7 Vir hoeveel jaar tree Valiant Swart al as kunstenaar dwarsoor die land op? (1)

1.8 Gee die betekenis van die onderstreepte gedeelte in paragraaf 5 in jou EIE woorde weer. (1)

1.9 Wat is die presiese implikasie van die "o, wee" (paragraaf 6) ten opsigte van die toiletgeriewe van vulstasies? (1)

1.10 Skryf die rede neer waarom die afwesige skoonmaker in paragraaf 7 aangespreek word. (1)

1.11 Wat word met "sindelik" in paragraaf 10 bedoel? (1)

1.12 Watter emosie word met die woorde "halfdood, brandsiek troeteldiere" in paragraaf 11 uitgedruk? (1)

1.13 Die aanhalingstekens maak die woord *gastehuis* in paragraaf 11 ironies. Verduidelik. (2)

1.14 Uit watter twee aspekte blyk dit dat die mense van wie in paragraaf 11 gepraat word baie slordig is? (2)

1.15 In paragraaf 12 is die woordkeuse besonder effektief aangewend om die gevoel van die verteller uit te druk. Motiveer hierdie stelling. (2)

1.16 Hoe verskil kampeer volgens paragraaf 13 van die gasvryheidsektor? (2)

1.17 Stem jy saam met die standpunt van die verteller in paragraaf 14? Motiveer! (1)

EN

TEKS B: VISUELE TEKS

Nagmerrie versus *Droom*?
Omskep jóú nagmerrie in 'n soete droom!!

Skakel DroomBadkamers om die nagmerries uit die beste ontspanplek in jou huis te jaag!
Wees deel van die uitgelese groep!

Telefoon: 053- 2974365
faks: 053 - 8673421
E-pos: droombadkamers@gmail.com

Besoek ons webwerf
www.droombadkamers.co.za

1.18 Op watter wyse sluit die visuele uitbeelding by Teks A aan? (1)

1.19 Dink jy dat die foto 'n goeie keuse vir hierdie advertensie is? (2)

1.20 Dink jy dat die vraag ***Nagmerrie versus Droom?*** geslaagd is? Motiveer jou mening. (1)

1.21 Wat is die implikasie van die onderstreepte sin in die advertensie ten opsigte van die foto? (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

- Som die voordele van die ***GemakStapper*** op in ’n paragraaf van sewe volsinne en in nie meer as 80 – 90 woorde nie.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in SEWE volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

Vir die gewoontestapper

Daar is niks so aangenaam as om in die natuur te gaan stap nie. Dit help om “jou kop skoon te kry” en die wonder van die skepping te geniet. As jy egter verder as die dorpsdam toe en terug gaan stap, sal jy waarskynlik ’n skoen moet oorweeg wat spesiaal vir ’n staproete ontwerp is.

Die ***GemakStapper*** is ’n uitstekende skoen. Die skoene word in die Kaap gemaak en jy kan die kleur kies. Aanvanklik is hy ’n bietjie stram, maar as hy eers ingeloop is, kan jy vergeet van blase! Die sool is omtrent van trekkerbandgehalte en die algemene vakmanskap is indrukwekkend.

Wanneer ’n mens oor ruwe terrein stap, is enkelbeserings altyd ’n wesenlike gevaar. Hierdie skoene is so ontwerp dat dit jou enkel deurentyd ondersteun, al sou jy ook skeef trap en jou balans verloor.

Dit is altyd problematies wanneer dit reën of jy noodgedwonge deur water moet stap. Die binnesole van die skoene kan gerieflikheidshalwe uitgehaal word en dit is so ontwerp dat dit binne ’n rekordtyd droog word in ’n koel plek waar genoeg lug trek.

Soms het jou medestappers ’n groot probleem wanneer jy na ’n lang staptog saans jou skoene uittrek! Die hele skoen is gelukkig met AEGIS Micro Shield bedek. Dit kom in gewone Afrikaans daarop neer dat dit help keer dat jou skoen ruik en bakterieë en skimmel hul knoeiwerk doen.

Wanneer jy egter dapper genoeg is om ’n weeklange staptog te onderneem, is hierdie skoeisel ideaal vir jou. Anders as baie stapskoene is hierdie stewel gemaak om vinnig en rats te laat waai oor lang afstande.

Die materiaal van die stewels is van sulke hoogstaande gehalte en die vakmanskap sodanig dat die skoene vir 'n leeftyd sal hou – mits jy hulle natuurlik goed oppas.

Om jou staptog te vergemaklik, het die skoen genoeg toonruimte wat help as jou tone begin swel – jy sal dus nie in te veel pyn verkeer nie!

[Leesstuk gefabriseer uit inligting verkry uit ***WEG***, #116, Junie 2014]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: SPOTPRENT

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Niel van Vuuren, ***Volksblad***, 22 April 2013

3.1 **Weet hulle hoe hoog kan hy vlieg?** Skryf hierdie vraagsin in die verlede tyd. (1)

3.2 Wat is die funksie van die dubbelpunt na *Volksblad*? (1)

3.3 **Gee Afrikaans eerder vlerke.** (1)

3.3.1 Skryf die sin in die ontkennende vorm. (1)
3.3.2 Skryf die sin in die lydende vorm. (1)

3.4 Die arend word simbool van Afrikaans. Skryf die verkleinwoord van *arend* neer. (1)

3.5 Gee ’n sinoniem vir *vlerke*. (1)

3.6 Gee die intensiewe vorm van *mooi*. (1)

3.7 Beoordeel die volgende stelling krities en skryf jou gemotiveerde gevolgtrekking neer:

Afrikaans sal altyd voortbestaan en verkeer in geen gevaar nie. (2)

3.8 Wat is die implikasie van die naam van die koerant “Volksblad”? (1)
[10]

EN

VRAAG 4: STROKIESPRENT



4.1 Skryf Meester se woorde in raam 1 in die indirekte rede. (2)

4.2 Die woord MOET word in raam 2 beklemtoon deur dit in hoofletters te skryf. Skryf die woord neer en toon aan hoe dit andersins beklemtoon kan word. (1)

4.3 Maak ’n kort, verklarende sin met die homofoon van *maar* in raam 2. (1)

4.4 Herskryf die sin in raam 2 tot ’n vraagsin. (1)

4.5 Vorm ’n werkwoord van *wet* in die volgende sin: Die organisasie (wet) tans die gebruik van sekere stimulante. (1)

4.6 Motiveer met twee redes waarom raam 3 as ’n voorbeeld van informele spreektaal beskou kan word. (2)

4.7 Wat is die implikasie van Neelsie se woorde in raam 3? (1)

4.8 Skryf die woord gemiddeldes neer en onderstreep slegs die lettergreep wat die hoofklem dra. (1)

[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

GHOEMA-wenner **JOSHUA NA DIE REËN** se ***Jacques De Villiers*** gesels

So wie's die Jacques agter Joshua? Ek is 'n liedjieskrywer en sanger wat my inspirasie vind in die mooi, ongerepte dinge in die lewe, of altans, ek probeer! Ek het op hoërskool begin liedjies skryf en saam met vriende 'n *band* begin.

Agter só 'n (poësie) naam lê daar seker 'n storie? 'n Mens se lewe het 'n spesifieke (roep), pad of dalk storie en soms is 'n naam baie meer werd as wat 'n mens besef. In my eerste jaar aan Tshwane-universiteit van Tegnologie (TUT) het ek eendag op kampus geloop en iets op die grond gewaar – 'n naamplaatjie met die woorde: *Live life like Joshua.* "Na die reën" **simboliseer** die hoop dat my musiek mense se harte in dieselfde toestand sal laat as die aarde na 'n bui reën.

En die embleem van die boom met een blaar? Dit dui daarop dat daar altyd weer iets kan groei, selfs al lyk dit vir ons dood.

[Aangepas uit ***Lééf***, Junie 2014]

5.1 Herskryf die onderstreepte eienaam in die opskrif en verbeter die spelfout. (1)

5.2 Skryf die tweede stam (basisvorm) van die onderstreepte woord in reël 4 neer. (1)

5.3 Benoem die onderstreepte bysin in reël 5. (1)

5.4 Skryf 'n suiwer Afrikaanse woord vir *band* in reël 7 neer. (1)

5.5 Skryf die woord tussen hakies in reël 8 in die korrekte vorm. (1)

5.6 Vorm 'n selfstandige naamwoord van die werkwoord tussen hakies in reël 9. (1)

5.7 Gee een woord uit die leesstuk vir die volgende omskrywing: *Terrein van die gesamentlike geboue van 'n universiteit of kollege.* (1)

5.8 **em-bleem'** (s.nw.) (embleme) Voorstelling,simbool van 'n begrip, beweging ens., dikwels as onderskeidingsteken gedra; logo: *'n Embleem van die vorstehuis, van die firma, van 'n vereniging. Die anker as embleem van hoop.* [G. emblema invoegsel; ballo gooi]

[**HAT**, 2009, bl. 214]

5.8.1 Aan watter taal is die woord *embleem* ontleen? (1)

5.8.2 Die boom met een blaar (reël 16) is vir Jacques die embleem van ... Skryf een woord neer wat die implikasie van die onderstreepte woorde in reël 17 saamvat. (1)

5.9 Skryf 'n voorbeeld van 'n akroniem uit die leesstuk neer. (1)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70